VERKLARING

Ek het genoeg van veroudering en ouderdom meegemaak om seker te wees dat ek self nie oud wil word nie, en enige jare gelede het ek reeds besluit om my lewe betyds te beëindig of in elk geval probéér beëindig. 'n Poging op 75 is deur omstandighede gefnuik, en intussen het ek 77 geword: dit is dus nodig om die saak nou doelgerig aan te pak terwyl ek nog oor voldoende beweeglikheid, fisiese vryheid en geestelike helderheid beskik om 'n sinvolle besluit in dié verband te neem en dit doeltreffend uit te voer.

Oor die afgelope jaar of twee het ek besef dat die navorsing en skryfwerk wat my so lank besig gehou het vir my 'n las begin word, en het ek met 'n sekere verligting daarvan afstand gedoen. Gedurende dieselfde tyd het die agteruitgang in my liggaamlike en geestelike vermoëns ook vir my duidelik begin word. Wat vir my voorlê, is, menslik gesproke, na alle waarskynlikheid 'n toestand van gestadige aftakeling en groeiende hulpeloosheid en afhanklikheid, waardeur ek toenemend 'n las word vir myself en vir andere.

Kragtens die huidige Suid-Afrikaanse wetgewing is dit moontlik om die beëindiging van die eie lewe in sekere mate te beheer deur met behulp van 'n sg. 'lewende testament' by voorbaat alle hulp te weier wat die mediese beroep normaalweg in geval van 'n lewensgevaarlike toestand sou wil aanwend.

Ewe goed is dit geoorloof om vrywillig van die gebruik van drank en voedsel af te sien en die lewe deur 'n proses van sg. versterwing te beëindig, wat in die praktyk op dehidrasie neerkom. Dit is die metode waarop ek by gebrek aan menswaardige alternatiewe aanvanklik self besluit het.

Dit is 'n uitgerekte vorm van sterwe, en nie noodwendig sonder ongemak of pyn nie, afgesien van die las wat dit plaas op diegene wat bereid is om daarby bystand te verleen; dog dit is ten minste 'n waardige manier om die lewe te beëindig, wat nie gesê kan word van die alternatiewe metodes wat in die huidige omstandighede in Suid-Afrika beskikbaar is nie.

Met die nodige kennis of kontakte is dit egter selfs binne die huidige beperkings ánder uitweë te vind, en hiervan kon ek uiteindelik met die nodige dankbaarheid gebruik maak.

Die besluit om jou eie lewe te beëindig, bly natuurlik 'n hoogs persoonlike saak wat ek nie blindeling wil aanbeveel nie; dog sover dit myself betref, is ek dankbaar dat die besluit geneem en ook uitgevoer kon word.

Soos genoem, is hierdie gewigtige beslissing reeds jare gelede in volkome vryheid geneem, sonder dat ek enigeen daaroor geraadpleeg het, en niemand het my ooit in hierdie verband probeer beïnvloed nie. Namate dit in 'n later stadium vir my nodig geword het om die kwessie meer spesifiek aan te roer met diegene wat daarby betrek sou moet word, was ek egter verras deur die mate van begrip en morele en praktiese steun wat ek ontvang het, en my eie indruk is dat die tyd geskik is om die kwessie van selfbeskikking openlik en oor 'n wye terrein in Suid-Afrika ter sprake te bring.

Indien ek in my huidige poging slaag, is alle betrokkenes wat my betref volkome vry om met die buitewêreld daaroor te praat. Ek wil trouens hoop dat my dood daartoe sal bydra om sowel die wesenlike probleem van ouderdom as die algemene kwessie van selfbeskikking meer algemeen bespreekbaar te maak as wat op die oomblik die geval is, en bowenal dat dit sal kan help om 'n wysiging in die huidige Suid-Afrikaanse wetgewing t.o.v. selfbeskikking te weeg te bring.

So is dit genoeg.

Karel Schoeman

27/4/17